# *NWK PERSVERKLARING*

## Appèlhof sien NWK belastingsaak in ander lig

**Appèlregter CH Lewis het verlede week teen NWK uitspraak gelewer in die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika (HHA) oor 'n belastingdispuut wat meer as tien jaar geduur het.**

"Die uitspraak kom as 'n verrassing nadat die Belastinghof op appèl ten gunste van NWK beslis het. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het na dié uitspraak appèl na die HHA aangeteken," het Danie Marais, besturende direkteur van NWK, gesê.

In kort kom dit daarop neer dat rente wat as 'n aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes gemaak is (in terme van 'n ooreenkoms met FNB) nie deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens toegelaat is nie en gevolglik moes NWK die belasting op die "nietoegelate" uitgawe betaal het. NWK is ook nou aanspreeklik vir 'n boete van 100% van dié belastingaanspreeklikheid plus rente. 'n Finale bedrag is nog nie bepaal nie, maar kan ongeveer R50 miljoen beloop.

Marais sê dat hierdie uitspraak verreikende belastinggevolge kan hê vir ander maatskappye wat soortgelyke transaksies met finansiële instellings aangegaan het en uiteraard gaan finansiële instellings soos handelsbanke wat hierdie soort transaksies voorgestel en bemark het, ook onder skoot kom.

NWK oorweeg nog sy opsies.

***Opgestel en uitgereik deur: Infoworks***

*Navrae: Danie Marais*
*Besturende Direkteu, NWK*
*Tel: +27 18 633 1167*
*dmarais@nwk.co.za*

*Uitgereik deur Infoworks op 7 Desember 2010*
*Johan Smit*
*Tel: +27 18 468 2716*
*johan@infoworks.biz*